

23 September

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:18-25

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 20

God se barmhartigheid in Christus

Jesus het jou werkplek besoek. Hy het uit die kerk waar party mense Hom Sondag wou toesluit, uitgegaan en deur die winkels, fabrieke, klaskamers, hospitale, myne en kantore gestap. Sy roete het gegaan oor paaie en plase, oor die lug en die see. Hy het gesien hoe mense vroegoggend uitbeweeg in verkeersknope, taxi's en oorvol treine, en hoe hulle saans moeg tuis kom, om na 'n stukkie kos en 'n bietjie TV aan die slaap te raak.

Ook alles wat in die werksdag gebeur het Jesus gesien. Hy was daar toe die dokter sy pasiënt onder operasie verloor, toe die trekker (al weer) breek, toe die ambagsman sy duim raak slaan en die winkel se verkoopsyfers so dramaties gedaal het. Hy was daar toe daar gediskrimineer is, gekul is, geteister, geskel, oorlaai, bespot en uitgebuit is. "Toe Hy die menigtes sien het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie" (vers 25 en Matt 9:36).

Toe het Christus besluit om al hierdie lyding op Hom te neem (vers 21). Hy het saam met Adam by die hek van die paradys gaan staan, en vóór Adam uit, eerste die wêreld van dorings en dissels kaalvoet betree. 'n Eenspoorpaadjie het Hy in elke beroep uitgetrap. Ook jou werkplek se beledigings, lyding, dreigemente en sonde het eers op Hom gekom voor dit jou kon bereik (vers 23-24).

Jesus Christus het jou werkplek besoek. As jy mooi kyk, sien jy vandag sy voetspore daar. Gaan gehoorsaam op daardie spore langs (vers 21), dan is alles, selfs as jy saam met Hom moet ly, GENADE (vers 19-20).

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~